Donderdag, 29 Augustus 1963

Heerlik gesels gisteraand oor jou roomys en my rooi bikini-dag! *Kind*.

En het jy toe baie geleerd met die ander man in die sitkamer gaan gesels? Wat dink jy van my "aansoek" wat nog nie gestalte gekry het nie, maar ek het al hier en daar gaan verneem – om 'n beurs om oorsee te gaan? Ek is nie meer vandag lus om te gaan nie. Maar een of ander tyd sal dit móét. Ek het nog nooit één enkele kans gehad nie, had selfs *Afrikaans Laer* vir Matriek, omdat my pa destyds SAP was: net werk, werk, my hele hemelse lewe om, vir min vergoeding en minder dank. Dis so gruwelik onnatuurlik en al duur dit nog 'n honderd jaar so voort sal ek my nooit daarby kan aanpas nie. Is ek werklik gemaak om daardie snert te lees, om my kosbare oë daarop te verkwis totdat ek blind is, ek is so visueel ingestel! Ek kan dit net nie meer VAT nie. Ek wil net 'n paar maande of 'n jaar hê om te weg, en iets te doen of dink of sien wat die moeite werd is, om die verarmdheid te voed met goeie kuns, 'n natuurliker lewe. En as daar dan NIKS is wat ek MOET hê en nie kan kry nie, sien ek geen sin daarin om aan te gaan nie. Ek reken ek het nou lank genoeg probeer André, sonder liefde, sonder opvoeding, sonder énige vorm van emosionele sekuriteit, al was dit dan selfs dié finansiële sekuriteit waarmee 'n mens tóg sekere dinge kan koop, 'n sékere mate van rustigheid. Ek is nie selfbejammerd nie, ook nie bitter nie, net MOEG. Dis die heeltyd so 'n bedreiging, dié dinge, om my bietjie lig (talent!) wat my gegee is, te ontneem. Want dit is wegneembaar. Elke grys dag is 'n afstomping. En na die tirade wil ek jou wys hoe jou liefde my dra deur die dinge. Weet jy hoe wys ek dit?

Miskien net dat ek nog lewe.

Liefde, mooi moesie-kaal-man,
Kokon.

Castella
Saterdag, 31 Augustus 1963
{Het uitgevind Aug. het 31 dae.}
~~1 September Lentedag~~

My liefste André,

Dankie vir jou brief wat netnou so skattig in my deur gesteek het toe ek tuiskom belaai met pakkies, dis baie sonnig op straat en gemaak vir daardie dag in die veld of die duine. As die wit Volksie hier was, sou ons kon uitry na Stellenbosch of Paarl, of Houtbaai?

Het jy my *mismoedige* brief van Donderdag gekry? Jou brief van vanoggend is baie duidelik en ek verstaan volkome hoe jy voel, my skatkind. En tog … Abraham [H.] de Vries was bv. gisteraand hier, het my op kantoor gebel om hom te ontmoet vir 'n drankie; ek het op hom gewag tot 5:30 en toe geloop omdat ek vir Marjorie en Jan tuis verwag het. Maar hy het vir my bly wag (op die verkeerde plek!) tot sewe-uur. En daarna hierheen gekom. Hy moes na Bill de Klerk maar het sy afspraak kanselleer; ons het natuurlik oor jou ook gesels; hy sê hy hoor van ons orals, en vra uit. "Ek hoor julle het afgesien van mekaar?" Maar jou foto's hang lewensgroot hier en ek kon nie help om so 'n bietjie oor jou te praat nie! En dis *gevolg*. Ek het jou oor die telefoon en in my brief vertel van Jack se besoek, en wat ek aan hom gesê het, dat jy my wil kom sien, en sy reaksie. Sedertdien het ek hom nie weer gesien nie, en toe ek gister vriendskaplik bel, vra hy: "How are the *matrimonial plans* going?" Dis ook *gevolg*. En die gevolge word al meer en meer, en die gevolge *in* ons sodat jy later miskien hoegenaamd *niks* daar op Grahamstad sal kan red nie.

As dit vir ons albei *net* 'n avontuur was (want dis óók 'n avontuur) sou alles natuurlik minder ingewikkeld gewees het. Maar ik zal bij je blijven. Omdat ek moet en omdat ek wil en omdat dit nie anders kan nie en omdat jy my kosbare ontdekte skat is en omdat jy my liefhet. "The moment you are influenced you are corrupted." Dis wat [Leo] Tolstoi sê, en dáárom waak ek soos 'n leeu oor haar kleintjies, oor jou in my.

En daarom miskien spot Jan my gisteraand, "Liewe hemel, Ingrid, as ek André Brink se naam noem, verander jou uitdrukking!"

Liewe skat, ons moet regtig meer *lag*, ook oor hierdie *chaos* wat ons in die literêre sirkels gestig het, want dit ís eintlik snaaks in sekere opsigte. Waarom móés Abraham my sien, moes hy twee uur op my wag, sy afspraak met Bill kanselleer, en hiernatoe kom? Ek het hom natuurlik genooi om hier oor te bly (wat sou die mense weer dáárvan maak?) soos my huis oopstaan vir enige "broeder of suster in die verdrukking", die ontheemdes en die ont-aardes, die kunstenaars. Maar hy het by Ivor Pols gaan bly, "omdat ek nie wil hê André moet vir my kwaad wees nie". Asof André my nie kan vertrou nie … maar, dit was 'n grap.

Kom in September. Miskien is jou voorstel tóg net 'n manier van lewe, 'n kuns, dan gaan ons weg, sonder dat iemand daarvan weet, en kom terug met geheime geheime. En miskien is dit 'n uitdaging. My hele natuur (en joune ook) druis in téén geheimhouding, omdat ons moet deel en omdat ons moedswillig is – maar miskien kán dit tog as dit moet.

Ek wil jou *sien*. Het nou die hele nag van jou gedroom, en van L. Ons was êrens op 'n wonderlike strand saam, en wou bymekaar probeer kom, maar ons was byna vyandiggesind teenoor mekaar. Dit was aaklig! En in die werklikheid het ek nog nooit één maal gevoel: Jy was soveel gif in my ens. nie. Vir my was jy nog altyd net lig en liefde, ten spyte van alles. Ek wil nie *hê* jy moet my verkeerd verstaan in dié opsig nie. Jy het my tog eintlik "teruggegee aan die lewe" (onthou jy die eerste naweek?). Onthou jy daardie brandewyn-middag in die Clifton? Ag, onthou jy alles? Ek is so lief vir jou. En ek het jou so verskriklik nodig, té nodig. Nou gaan ek my mooimaak en bruinbrand vir September.

Liefling. Baie dankie vir tjek vir kasteel en vir telegram vanmiddag.

Kokon.

Ns. Weer my André, die skrale kansie op ons moesiekind is vandag buite die kwessie –
Tydelik.
IJonker.